18. Historiese Sake

18.1 RAPPORT 1: DEPUTATE HISTORIESE SAKE – KERKARGIEF (Art 94)

A. Ds G Opperman lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

Acta 2012:210-212.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Personeel*

2.1.1 Personeel in die Argief werk professioneel en meer fasette van argiefwese word geïmplementeer. ‘n Tweede personeellid is in ‘n permanente pos aangestel by die Argief. Mev A-E van Jaarsveld beklee die pos as assistent-argivaris vanaf 1 Junie 2012**.**

Die personeel werk teen vinnige tempo en bereik vele uitkomste. Hierdie vordering word aangeteken in doelwitbestuursverslagvorms wat elke drie maande na die Deputate Historiese Sake gestuur word vir evaluering en kontrole. Die volgende inligting word daarop aangeteken.

2.1.2 Personeel se werksuitsette word noukeurig aangeteken in die doelwitbestuursverslag.

2.1.2.1 Statistiek van navorsing word bygehou.
2.1.2.2 Argiveer argivalia.
2.1.2.3 ‘n Aantal navrae van gemeentes, persone en akademici is ontvang en beantwoord.
2.1.2.4 Inventarisse met beskrywings van inhoude word geskep en bygehou.
2.1.2.5 Personeel was behulpsaam met navorsing vir 3 studente vir M-grade en 1 student se PhD graad.
2.1.2.6 Die personeel is verantwoordelik vir algemene administratiewe take, onderhoud en kontrole van toerusting.
2.1.2.7 Argivaris lei die tweede personeellid op en hou toesig oor projekte en uitsette.
2.1.2.8 Daar word op verskillende projekte gefokus in die Argief: argivering, restourasie en rampbeheerprogram, begrotingskontrole, navorsing, digitalisering, skakel met ander argiewe en instansies en herbenutting van rakspasie in die Argief.
2.1.2.9 ‘n Aantal handleidings, inligtingsdokumente en vorms word geskryf en opgedateer.

2.1.3 <u>Personeelontwikkeling</u>

Die argivaris en die assistent-argivaris woon verskillende werkswinkels en seminare by. Werkswinkels handel oor ‘n wye spektrum aangeleenthede van argiefbestuur, papierbewaring en restorasie van ou dokumente en boeke.

2.2 *Rakspasie in die argief*

2.2.1 <u>Herbenutting van rakspasie</u>

173 Rakke in die Argief is oopgestel en kan nuwe aanwinste huisves. Argivalia van jonger kerke is verwerk, inventarisse geskep en dit is in rakke, alfabeties tussen bestaande gemeente argivalia gepak. Meer rakspasie sal herwin word wanneer dokumente uit bestaande versamelings wat nie navorsingswaarde het nie uitgehaal word. Hierdie projek is deel van die beplande fokusareas in 2014/2015.

2.2.2 Oorwerk van argivalia uit diverse rakke

Rakke in die Argief is ontruim en bergplek geskep nadat argivalia uit diverse rakke oorgewerk is. Dit is: Kerkgeskiedenisdokumente; Sending: Siloam; GSB Sustersvereniging; Hammanskraal TS; TSP-restourasieprojekte; Jeugsorg; Klassis Tswane; CNO; Immigrasie; SDDS; Steynsburg Opleidingskollege; Ds HA Louw; Gereformeerdes in Oekraïne; Vertaling van Belydenisskrifte in Afrika Tale; Postma-familie versamelings; Gemeente nuusbriewe.

2.3 *Argivalia*

2.3.1 'n Aantal gemeentes het argivalia na die Argief gestuur vir bewaring. Meeste van die dokumente is netjies uitgesoek by die gemeentes volgens die sorteringslys wat personeel aan gemeentes beskikbaar stel. Dit vergemaklik die werk van die personeel, hierdie dokumente hoef dus net in bokse gepak te word en nommers toegeken volgens argiefstelsel. Baie belangrike komponent is die opstel van inventarisse, data inlees en argivalia daarna in die kluis op die rakke pak.

'n Hardeskyf met digitale data van registers is aan die Argief oorhandig deur die Genealogiese Vereniging van Utha, lede van die Church of the Latterday Saints. Indekse is opgestel en die data is toeganklik vir navorsers, dit is ook op microfish bande beskikbaar.

Die Bybelversameling in die Argief is getranskribeer en data ingelees in elektroniese inventarisse.

2.3.2 Argivalia uit Sinode Middellande

Die versameling van argivalia uit die Sinode Middellande gaan te midde van groot uitdagings voort. In hierdie verband moet die werk van br Joseph Malunga vermeld word wat met groot moeite kerke besoek doen en dokumente van waarde vir die Argief versamel en bind.

2.4 *Projekte van die Argief*

2.4.1 Projekte wat geïmplementeer is in die Argief: (a) Kleurkodestelsel; (b) Beplan en stel inligting saam vir GKSA webblad; (c) Ontwikkel 'n Facebook-blad en dateer gereeld op; (d) Herbeplan en benut argiefspasie; (e) maak Argief toeganklik vir navorsers met die opstel van inventarisse.

2.4.2 Nuwe projekte wat geloods is in die Argief: (a) Digitalisering; (b) Restourasie en Herstelling; (c) Argivering van elektroniese data; (d) Skep 'n Audiovisuele Argief: Foto, Film en Videoteek.

2.4.3 Personeel doen navorsing en bly op hoogte van nuwe tendense in argivale velde.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4.3 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Die Deputate beveel aan dat:

3.1 Befondsing voorsien word vir die uitbreiding van digitalisering en rugsteun van inligting, asook die professionele opleiding van personeel.

3.2 Gemeentes die kennis en kundigheid van die argiefpersoneel gebruik om toerusting te gee in sake die hantering en liasering van argiefdokumente.

3.3 Die digitale beleid en wyse van notulering aan gemeentes as riglyn voorgehou word.

3.4 'n Afskrif van die huweliksregister aan die Argief gestuur word. Die huweliksregister en doopregister van elke gemeente moet op datum gehou word en by die Argief ingehandig word.

3.5 Werkswinkels in Klassisverband gehou word om die kerke uit die vorige Sinode Middellande in te lig rondom die versameling en bewaring van dokumente. 'n Proforma van notules en ander dokumente word ook aan die kerke beskikbaar gestel.

3.6 Die posbenaming “Assistent argivaris” verander word na “Digitale argivaris” en die vergoeding vir die pos word aangepas met inagneming van die toepaslike vergoeding van professionele kwalifikasies in die argiefbedryf.

3.7 Die staande opdrag van die Deputate gekontinueer word.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.7 goedgekeur.